

25 Julie

'n Tydige waarskuwing teen daardie verbode verhouding

**Skrifgedeelte :Spreuke 5:15-23
Fokusgedeelte: Spreuke 5:15, 19**

Dit was miskien 'n jarelange vriend of 'n kollega wat op daardie deurmekaar oggend hierdie gesprek tussen julle begin het. Jou verhouding met die ander vrou het rugbaar geword. Skerp tonge het die skokkende nuus deur die kantoor gedra. Soos gewoonlik het die skoknuus jou vrou heel laaste bereik. Sal jy ooit die verplettering in haar oë vergeet? Sal die vlymskerp woorde van jou kinders ooit weer in jou geheue stil word? Hoe begin 'n mens weer voor nadat so 'n verbode verhouding jou huwelik en gesinslewe totaal ontwig het?

Daar is net een manier, en dit is om voor God te kniel en te erken jy het die kosbaarste van iemand anders, sy waterput, besteel. Erken en bely voor God dat dit nie bloot onskuldige pret was toe jy klein slukkies water uit iemand anders se waterput opgeskep het nie. Nee, jy het blatant jou verbond met die vrou van jou jeug, jou saamgrootword-maat vergeet en jy het voor God gesondig.

Die Spreukedigter herinner jou daaraan dat jy jou eie vrou het. Jy maak tog nie jou fontein vir ander oop nie. Maar dit is by haar, die moeder van jou kinders, waar die Here jou die soetigheid van menswees laat drink. Die Here het julle vir mekaar gegee om mekaar se liefkosing te geniet. En as jy dalk reken jou vrou het haar jeugdige soepelheid en sjarme verloor, moet jy nugter wees en besef – sy sien en weet dit lankal ook van jou!

Ons lewe lê oop voor God. Ons kan nie in die geheim sondig nie. Dank die Here as jy 'n vrou het wat kan vergewe en ter wille van haar verhouding met God en jou, jou weer 'n kans wil gee. Dis 'n lang pad van opnuut vertrouwe bou wat vir jou voorlê. Werk dan met deernis en liefde om die pad na jou eie fontein skoon en vars te hou. Wees net vir haar wat jy moet wees en dank God vir dit wat sy nog altyd vir jou was.

Sing: Skrifberyming 9-4:5

Dr. JL Venter (Pretoria-Annlin)